

Inhoud Hierdie preek wys hoe Christus se vervulling van God se verbondsbeloftes vir ons 'n belofteryke toekoms ontsluit. Hierteenoor is die geestelikheid van hierdie wêreld spiritualiteite wat ingestel is op die skuld van sondes van die verlede en op die onmiddellike bevrediging van sondige begeertes. Hierdie greep van sonde maak dat mense hul toekoms verloor in die skuld van die verlede en die vernieling van die bevrediging van die teenswoordige oomblik. Dit is wat gelowiges uitsigloos op die toekoms maak, hierdie geestelikheid waarin hulle weer terugval in die greep van sonde deur geestelike minderwaardige en armsalige reëls. Die verskil tussen praktyke van die sondige natuur en die vrug van die Gees gaan oor die verskil om terug te val in 'n geestelikheid van skuld en onmiddellike bevrediging van drifte en om jou in liefde diensbaar te wy aan die toekoms wat opgesluit is in God se vervulde beloftes.

Skriflesing Galasiërs 3: 21- 29; 4: 8 – 11; 5: 19 – 24.

Teks Galasiërs 3: 22 “Maar volgens die Skrif is die hele wêreld vasgevang in die greep van die sonde; dié belofte word dus vir die gelowiges vervul alleen op grond van die geloof in Christus Jesus.”

Tema Gelowiges leef in die verwagting van God se vervuldes beloftes

1. Hou die lewe vir ons nog belofte in?

Die gemeenskap om ons begin al meer en dieper wegsak in 'n uitsigloosheid, verwagtingloosheid en hopeloosheid oor die lewe self. Een van die hoofredes vir hierdie uitsigloosheid is dat mense nie meer in die verwagting van 'n belofteryke toekoms leef nie.

Vir baie hou die toekoms nie meer die belofte van wins en geld in binne die verarmingsiklus waarin ons eie gemeenskap verstriek raak nie en in die verwagting van toekomstige gebrek raak hulle uitsigloos. Vir die meeste van ons hou die toekoms nie meer die belofte van mag in nie, maar van onderwerping aan mag, en hierdie vooruitsig maak mense uitsigloos op die toekoms. Vir baie mense, veral ons jongmense, hou die toekoms nie meer die belofte van werks- of studiegeleenthede in nie, en hierdie isolasie en uitsluiting uit die arbeidsmark maak hulle uitsigloos op die toekoms.

2. Hierdie uitsigloosheid in ons gemoed staan in direkte kontras met die werklike toekoms van gelowiges volgens God se Woord. Volgens die evangelie is ons toekoms die tyd waarin ons deel sal wees van die vervulde beloftes van God.

Die woord “belofte” in die Bybel beteken nooit “eendag iewers in die verre toekoms” of “in die hemel” nie. Die woord “belofte” beteken “onderneem om te doen”. Dit is

Gelowiges leef in die verwagting van God se vervuldes beloftes

hoe God onderneem om vandag, more, oormore, en die res van ons lewe tot in die ewigheid sal sorg hoe Hy ons God is en ons sy kinders is.

Wat is hierdie onderneming van God?

Dit is God se onderneming hoe Hy in alles vir ons as Vader sal wees en doen wat God vir sy kinders is en doen, elke dag, en die onderneming hoe Hy sal sorg dat ons sy kinders sal wees, onskuldig vir ons sondes; heilig vir sy liefde, reg vir sy wil en toegewyd in sy diens, elke dag tot in die ewigheid.

Hierdie is nie “hemelse beloftes” vir eendag in die hemel nie, maar hoe Hy God sal wees en Hy sal sorg hoe ons sy kinders is elke dag tot in die ewigheid.

3. Hierdie onderneming van God van sy vervulde beloftes se krag is groter as die mag van ons eie en die wêreld se sondes. Ons teksvers wys ons dat die wêreld vasgevang is in die greep van sonde.

Die greep van sonde in die brief Galasiërs is die mag van sondeskuld en die mag van die drif van sondige begeertes: “ek sal en wil my drifte as liefde glo en uitleef.” Dit is die lewenswyse waarin die sondige wêreld vasgevang is! Sondeskuld is vir hulle ’n mag op en teen mekaar, en sondige begeertes is ’n mag waarin hulle mekaar gevange wil hou.

Die onderneming van God, hoe Hy God is en God sal wees, en vir ons sal sorg as God, is kragtiger as die mag van sondeskuld en sondige drifte.

Hoekom dit kragtiger is, is omdat God se beloftes, vervulde beloftes is.

God se ondernemings hoe om vir ons God te wees, is waar en geldig. Dit is wat vervul beteken. Dit is waar en geldig in en vir ons lewe, nie deur wat ons doen of wie ons is nie, maar deur wat Christus vir ons gedoen het en wie Hy vir ons is. Daarom kan ons in die volle vertroue in Christus leef dat Hy al God se ondernemings hoe om God vir sy kinders te wees, vir en in ons waar en geldig maak, vandag, more, oormore tot in die ewigheid.

Daarom is ons toekoms, more en oormore, ’n toekoms waarin ons God se geliefde en diensbare kinders gaan wees. Ons leef in die belofteryke toekoms dat ons in God se vervulde beloftes sal leef.

Dit is ons erfenis! (Gal. 3: 29) Ons erf ’n belofteryke toekoms in liefde en diens as gawe wat God elke dag waar en geldig maak, in en vir ons!

4. God se beloftes, sy onderneming om God te wees, is sterker as die greep van sonde. Dit is Paulus se aankondiging in Galasiërs 3: 22.

Gelowiges leef in die verwagting van God se vervuldes beloftes

Dit is kragtiger as die greep van sonde want sy beloftes is vervulde beloftes, vervul deur Christus. God se beloftes word nie deur ons vervul vir en in ons lewe nie. Dit word deur Christus se lyding, kruisiging, sterwe, dood en opstanding vervul. Dit beteken Christus se heilswerk maak God se beloftes 'n werklikheid, waar en geldig vir en in ons lewe, elke dag van ons lewe.

Daarom leef ons in die verwagting vir vandag, en vir ons hele toekoms, van God se vervulde beloftes. Ons sal in sy liefde leef en ons sal in sy diens leef wat Hy vir ons voorberei het. Ons toekoms is 'n toekoms sonder enige skuld vir enige sonde van die verlede, vandag of die toekoms. Geen sondeskuld kan ons toekoms wegvat nie. Ons toekoms van vervulde beloftes kan ook deur geen sondige drif, nie ons eie of die van enige ander mens ontnem word nie.

Christus maak ons toekoms belofteryk! Hy maak ons toekoms vol vervulde beloftes.

5. Nou hoekom raak ons dan só uitsigloos, só verwagtingloos oor ons eie toekoms?

Paulus gee 'n totaal ander rede as wat ons vir ons self sal voorhou soos die gebrek aan geld, mag of geleenthede.

Hy wys die Galasiërs dat hulle besig is om in 'n beloftelose godsdiens te verval en dat dit hierdie beloftelose godsdiens is wat hulle toekoms verwagtings vernietig: "hoe val julle dan weer terug na daardie minderwaardige en armsalige wettiese godsdienstige reëls? (Gal. 4:9)

'n Beloftelose godsdiens is 'n godsdiens van minderwaardige en armsalige wettiese godsdienste reëls! 'n Beloftelose godsdiens is waar jy jou eie toekoms bewerk met wettiese godsdienstige reëls! Reëls hoe jy jouself uit jou eie skuld voor God moet probeer kry en reëls waarmee jy glo dat sou jy vir God hierdie reëls nakom, sal God jou sondige begeertes en drifte van geluk, voorspoed, mag en vrede vir jou vervul.

Hierdie soort geestelikheid is 'n uitsiglose godsdiens sonder die belofteryke toekoms van God se vervulde beloftes.

6. Kom ons kyk na 'n voorbeeld wat hierdie verskil uitwys tussen twee heeltemal verskillende godsdienste met twee heeltemal verskillende toekomsgerigthede!

Boere ken die lewenswyse om te leef uit die verwagting van 'n belofteryke toekoms. Hulle kan na grond kyk wat vir ander mense sommer net 'n stuk veld is en die beloftes raaksien wat in die vrugbaarheid van grond opgesluit is. Hulle sien in grond 'n belofteryke toekoms. Hulle sien in die helling van lande en die klimaat die belofterykheid van reën waar ander net stof raaksien. Hulle sien in saad en stiggies die belofterykheid van groeikrag, in ou blare en dooie gras die belofterykheid van

Gelowiges leef in die verwagting van God se vervuldes beloftes

voedingstowwe, in die son die belofterykheid van groenigheid en in dit wat vir ander mense net goggas is die belofterykheid van blombestuiwing deur insekte.

Hulle glo in die belofterykheid van die aarde en daarom wei hulle hulself in liefde toe aan diensbare boerdery.

Dan is daar 'n leefwyse uit skuld en begeertes! Dit is soos om 'n lewe te probeer maak uit ashope. Dit is om rond te loop op alles wat opgebruik, stukkend gemaak is, verniel en weggegooi is, en in dit iets van waarde te soek in die belofte in hierdie afval is daar iets kosbaars.

Dit is hoe mense geestelik belangrik wil wees deur iets van waarde te soek in menslike oortredings, die skuld van die verlede en in mense se sondige drifte. Hulle wil uit menslike afval 'n geestelike lewe maak.

7. Paulus noem hierdie lewe wat uit menslike afval 'n geestelike lewe wil maak, 'n godsdienst van minderwaardige en armsalige godsdienstige reëls. Met geestelike reëls en regulasies wil hulle van skuld en drifte 'n geestelike lewe opbou!

Ons word elke dag met hierdie afval geestelikheid gekonfronteer. "Jy is skuldig oor apartheid, seksuele ontrouheid of rebelsheid teen ouers, wanneer jy jou skuld bely sal God jou 'n nuwe lewe gee. As jy die nuwe reëls nakom hoe om so goddelik soos Jesus te wees, dan sal God jou begeertes na rykdom, voorspoed, geluk, gesondheid en vrede vervul"

Hierdie is 'n geestelikheid wat leef uit die afval van die menslike bestaan: skuld en drifte! Wanneer jou toekoms jou eie en ander mense se afval is, is jy vasgevang in die greep van sonde. Want jy is vasgevang in die geloof dat dit God is wat Hom besig hou met menslike rommelhope, dat dit God is wat mense laat terugval in 'n geestelikheid van waardelose en minderwaardige godsdienstige reëls.

Dit is die kern van die uitsigloosheid van afgodsdienst: mense soek waarde in die skuld van die verlede en die drif van die oomblik. Daarom leef mense in afgodsdienst altyd met hulle rug na die toekoms gefokus om mag en waarde in sondeskuld van die verlede te vind en alles in die hede te verteer met hulle sondige drifte.

Dit is presies waar die kerk van vandag, en dit sluit die NG Kerk in, is!

In die sondeskuld van die verlede wil hulle spiritualiteite van versoening en vrede opbou, en al hoe hulle hierdie spiritualiteite kan opbou en handhaaf is om rond te vroetel in die sondeskuld van die verlede en hierdie sondeskuld met geestelike minderwaardige en armsalige reëls aan die lewe te probeer hou. Dit is die hart van die NG Kerk se versoeningsbedryf waarin hulle nog steeds geestelike leiers vir die magtiges wil wees.

Gelowiges leef in die verwagting van God se vervuldes beloftes

In die sondige drifte van mense wat ongetroud net hul self uitleef sonder enige verbintenisse tot die instelling van die huwelik verbind, in die sondige drifte van mans met mans en vroue met vroue, in die sondige drifte van mense in biseksuele verhoudings of poligame verhoudings, wil hulle geestelike mag kry.

In die sondige drifte van plundering wil hulle die geestelikes wees wat God se seën wil uitspreek oor gestruktureerde diefstal deur die staat en massas. Hierin soek hulle geestelike beginsels en waardes.

8. Ons moet weer kyk na die twee verskillende lewenshoudings wat Paulus in Galasiërs 5 voorhou as die verskil tussen die praktyke van die sondige natuur en die vrugte van die Gees.

Hierdie is nie die verskil tussen moreel goeie en moreel slegte mense of geestelike swak en sterk mense nie. Die verskil tussen moreel goed en sleg is 'n humanistiese geloof, nie die geloof in Jesus Christus wat God se ondernemings vir ons vervulde beloftes maak nie. Die verskil tussen 'n gewaande swak geestelikheid wat te menslik is en 'n kragtige geestelikheid wat goddelik is, is afgodsdienste.

Die verskil tussen die praktyke van die sondige aard van die mens en die vrugte van die Gees gaan oor die verskil tussen geestelike mense wat besig is die uitsigloosheid van menslike afval, sondeskuld en begeertes, teenoor gelowiges wat leef in die vaste wete van 'n belofteryke toekoms!

Mense wat besig is met die praktyke van die sondige aard van die mens, is mense wat vasgevang is in die greep van sonde. Hulle is vasgevang in die greep van die verlede se skuld en vasgevang in die verteer van alles in die hede deur hul sondige drifte. Hulle is vasgevang in die greep van sonde wat hulle hul toekoms ontnem.

In hulle verwronge geestelike gemoed word al die belofterykheid van God se vervulde beloftes vir vandag en more, opgeoffer vir die skuld van die verlede en elke geleentheid van vervulde beloftes wat die toekoms inhou, verteer in die sondige drif vir vandag.

Die vrug van die Gees is die innerlike lewenshouding wat God skep, nie die positiewe ingesteldheid wat mense vir hulle self opwek nie, vir hulle wat in die geloof leef van God se vervulde beloftes. God se vervulde beloftes skep 'n lewenshouding wat pas by die diensbaarheid en liefde van hulle wat met die vervulde beloftes van die toekoms besig is.

Die vrug van die Gees is die lewenshouding van God skep in hulle wat die toekoms sien en verwag as 'n belofteryke toekoms. In hierdie geloof offer hierdie gelowiges nie die diensgeleenthede van vandag en die geleentheid om vandag lief te hê op, vir

Gelowiges leef in die verwagting van God se vervuldes beloftes

'n reghebbery oor die sondeskuld van die verlede nie of om vandag op te laat gaan in die drif van begeertes asof dit God se liefde is nie.

Die praktyke van die sondige aard is die geveg van geestelikes en hul dissipels met hulself en die kerk van die Here op hul ashooplewe.

Ek weet nie of u al gesien het hoe mense op ashope mekaar aanval, verdring, verskree en slaan wanneer daar nuwe afval op ashope uitgegooi word nie? Mense wat waarde wil vind in alles wat gebreek en verniel en weggegooi is! Mense wat mense wat uit afval leef, se leermeesters en bestuurders wil wees sodat almal ordelik uit afval kan leef!

Vergelyk dit met dit wat Paulus noem die praktyke van die sondige natuur en dan ontdek u die geestelikheid waarin 'n mens terugval op die ashoop van die mens se sondigheid: minder waardige armsalige geestelikheid vir mense op ashope, sondeskuld en sondedrif!

9. So! Hoekom hou die lewe vir ons nie meer belofte in nie?

Hoekom verval ons in die uitsigloosheid van 'n ashooplewe ? Omdat ons minder geld kry, minder geleenthede van die staat en politici kry, omdat ons onder die druk van hul plundering en kriminaliteit as 'n kleptokrasie moet leef of omdat ons moet sukkel in die vernieling van die gemeenskap deur lei. Slegte en onbevoegde amptenare?

Kan hulle God se vervulde beloftes wat ons erfenis is van ons vervreem? Diensbaar in liefde binne die vervulde beloftes van God dat Hy in hierdie wêreld ons Vader sal wees en ons sy kinders sal wees!

Hulle kan nie. Hulle kan nie met hul sondes God ons toekoms van God se vervulde beloftes van ons vervreem nie, net so min as wat ons dit van onself met ons eie sondes kan vervreem, want God het ons uit hierdie greep van sonde wat sy beloftes ons ontnem gered!

So! Hoekom is ons uitsigloos?

Ek glo dat dit is omdat u as gelowiges elke dag deur die kerk en magtiges geteister word om terug te val in 'n geestelikheid van minderwaardige en armsalige geestelike reëls. Hierdie minderwaardige geestelikheid dat jy die hele tyd moet besig wees met die sondeskuld van die verlede en die vervulling van God van jou sondige drifte vir vandag!

Ons glo hierdie geestelikheid en ons glo nie God wat ons uit die greep van hierdie geestelikheid gered het om deel te wees van die belofteryke toekoms van God se vervulde beloftes vir sy kinders nie.

Gelowiges leef in die verwagting van God se vervuldes beloftes

So!

Wie gaan ons glo? God wat ons verseker van 'n toekoms van vervulde beloftes of hulle wat ons op die ashope van menslike afval gevange wil hou?

Kom ons glo Christus! Hy het deur al werk al God se ondernemings vir ons vervulde beloftes gemaak en ons gered van die greep van sonde: om ons op te offer vir die skuld van die verlede en onself te verteer in die drifte van vandag asof God dit vir ons wil bevredig!

Wie God vertrou deurbreek die uitsigloosheid van 'n minderwaardige en armsalige geestelikheid en is verbind tot die liefde en diens wat by byl hulle belofteryke toekoms.